

(1). TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER

NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

UITNODIGING VIR MEDEDINGENDE FORMELE BOD



(Omvang van verkrygingsreeks – BO R 200,000)

KENNISGEWING NO.: 105/2014

BOD NOMMER: BOD/NC062/10/2014-2015

BEGIN DATUM: 24 Oktober 2014 **SLUITINGSDATUM:** 12 November 2014 **SLUITINGSTYD:** 10:00

VERPLIGTE INLIGTINGSVERGADERING: 31 Oktober 2014 om 09h00 vm by die Munisipale Kantore te Springbok

SPESIFIKASIE NAVRAE: Mnr O Schmidt (027 718 8154)

KONSTRUKSIE VAN LAAGWATERBRUG TE OKIEP - KERKSTRAAT

Geslote tenders word hiermee aangevra vir die konstruksie van laagwaterbrug te Okiep - Kerkstraat soos gemeld in die spesifikasies van die voorgeskrewe boddokument.

'n Verpligte bod dokument teen R 150.35 (BTW Ingesl), is op aanvraag verkrygbaar vanaf die Voorsieningskanaalbestuurskantoor (Mev Ruzan Gertze) te Springbok Hoofkantoor. (027) 718-8116. Volledige geskrewe tender, tesame met bykomende dokumentasie soos versoek in die bod dokument, moet nie later nie as 10:00 op 12 November 2014 in verseëlde koeverte in die tenderbus op die Laer Grondvloer by die Munisipaliteit te Namakwastraat 4, Springbok, geplaas word, of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 17, Springbok 8240 om die kantoor voor die gemelde sluitingsdatum- en tyd te bereik. Die koevert moet duidelik gemerk word met die naam en sluitingsdatum van die bod soos hierbo gemeld. Die tenderbus sal net ná 10:00 op die bogemelde datum leeggemaak word waarna alle tenders in die openbaar oopgemaak word. Tendere wat laat ontvang word of tenders wat per e-pos of faksimile gestuur word, sal onder geen omstandighede aanvaar word nie. **Vorms MBD 1, MBD 3.1, MBD 4, MBD 5, MBD 6.1, MBD 6.2, MBD 8, MBD 9, SCM 1, SCM 2** moet volledig voltooi word in die voorgeskrewe boddokument.

In die geval van transaksies met 'n waarde van R30 000 of meer, BTW ingesluit, volg die Munisipaliteit 'n Voorkeurverkrygingsbeleid waarvolgens 80 punte toegeken word vir prys, en 20 punte vir B-BBEE doelwitte. Verder word tenders ook geëvalueer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid en Voorkeurverkrygingsbeleid van die munisipaliteit. Meer inligting hieroor kan vanaf die Afdelingshoof: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur (Mnr B R Boois) verkry word by telefoon nommer (027) 718-8127.

Persone of firmas wat vir die werke wil kwoteer, moet ook aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Oorspronklike Belasting - Uitklaringsertifikaat van die Suid Afrikaanse Inkomste Diens (SAID) moet saam met die tender ingedien word.
- 'n Gesertifiseerde B-BBEE gradering sertifikaat van SANAS geakkrediteerde agentskap of vrystellingsertifikaat vir besighede met 'n omset van minder as R 5 miljoen van 'n geregistreerde Ouditeur (IRBA) of Geregistreerde Rekenkundige Beampte (soos gemeld in artikel 60 van die Beslote Korporasie Wet, 1984.
- 'n CIDB gradering van 2CE of hoër vir kontrakteurs word vir hierdie tender vereis.
- Geen persoon indiens van die staat (Nasionaal, Provinsiaal of Munisipaal) mag vir die tender oorweeg word nie.
- Geen tender sal oorweeg word van 'n persoon of Maatskappy wat die afgelope vyf jaar skuldig bevind is aan:
 - (a) Bedrog, korrupsie of 'n kriminele oortreding.
 - (b) Die staking, voortydige beëindiging of onsuksesvolle afhandeling van 'n munisipale of regerings kontrak.

Verpligte Inligtingsessie gaan plaasvind op 31 Oktober 2014 (Vrydag) om 09h00 vm by die Munisipale Kantore te Springbok (Projekte Afdeling).

Die Munisipaliteit behou verder die reg voor om enige versoek vir 'n tender terug te trek en/of te heradvertiseer of enige tender te verwerp of gedeeltelik te aanvaar. Die Munisipaliteit bind hom nie daartoe om die laagste of enigste tender te aanvaar nie.

J T LOUBSER

WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

22 Oktober 2014